
# DIE EENDJIENUUS

Uitgawe 35: 24 Oktober 2025



BELANGRIKE INLIGTING:

Datums Bl. 3
Top 10 Akademie Bl. 7
Eksamenrooster Bl. 8



# Uit die kantoor

- Oranje se gholfdag, verlede Vrydag, 17 Oktober, was 'n groot sukses. Baie dankie aan mev. Rochelle Coetzer wat die dag georganiseer het en die graad 7-leerderraadouers vir julle betrokkenheid en bydrae vir die gholfdag. Baie dankie aan ons personeel wat betrokke was by die dag. 'n Groot dankie aan al ons borge wat Oranje so ondersteun het. Sonder u borgskap sou dit nie moontlik wees om die dag aan te bied nie. Ons is dankbaar vir elkeen se bydrae.
- Dankie aan al ons ouers wat die onderskeie prysuitdelingsfunksies bygewoon het. Die volledige jaarverslag is op D6 beskikbaar.
- Prysuitdelingbalkies is slegs op Karri betaalbaar.
  Dogters wat balkies by die prysuitdeling ontvang het, moet dit soos volg aanwerk:
  Onder die boonste sak van die baadjie.
  Indien meer as een van dieselfde balkies deur die laerskoolloopbaan verwerf is, mag slegs een balkie vasgewerk word, bv. Akademie mag slegs een keer op die baadjie voorkom. Indien u dogter vanjaar 'n vergulde akademiese balkie ontvang het, mag die vergulde balkie en een akademiese balkie van die vorige jaar vasgewerk word.
- Ons herinner ouers daaraan dat indien daar leerders is wat aan die einde van die jaar die skool verlaat, moet u voor of op 3 November skriftelik vir 'n oorplasingsertifikaat aansoek doen.
- Baie sterkte aan die dogters wat môre aan die Nautilus Wiskunde-kompetisie gaan deelneem.
- Die tweede tweekampliga het Dinsdag plaasgevind. Baie geluk aan die dogters wat hieraan deelgeneem het en mooi presteer het. Uitslae op bladsy 4.
- Kyk asseblief na die eksamenrooster vir graad 4-7 op bladsy 8. Die eksamen begin op Maandag, 10 November, vir graad 4-7 en eindig op Vrydag, 21 November.

  Die skool kom vanaf 10 November vir graad 1-7 om 12:00 uit. Middagstudie gaan normaal voort tot Vrydag, 9 Desember.
- Leerderverslae word op 10 Desember uitgedeel.

# BELANGRIK

| | | |
|---|---|---|
| 24 Oktober: | Gerrie Berner-tennistoernooi | |
| 25 Oktober: | Gerrie Berner-tennistoernooi | |
| | Nautilus 4 | |
| | Tweekamp Interprovinsiaal | |
| 27 Oktober: | Tennisliga o. 11: | OMS 1 vs OMS 3 |
| | | Eunice 1 vs OMS 2 |
| 28 Oktober: | Juf. Lehandri verjaar | |
| | Voedselprojek Gr. 7C | |
| | Seniorkoor oudisies: 13:30 - 16:00 | |
| 30 Oktober: | Voedselprojek Gr. 6A | |
| 31 Oktober: | Graad 3-Koekverkoping | |
| 1 November: | Gr. 1-dag | |
| 3 November: | Leerderraadvergadering 17:00 - 18:00 | |
| | Wiskundeweek | |
| | Tennisliga o.11: | OMS 3 vs Willem Postma 1 |
| | | Fichardtpark vs OMS 2 |
| | | Eunice vs OMS 1 |
| 4 November: | Voedselprojek Gr. 6B | |
| | Seniorkoor afsluiting | |
| | Juniorkoor afsluiting | |
| | Wiskundeweek | |
| | IF: Planetarium | |
| | Tweekampliga 3 | |
| | Boekuitstalling in Gimsaal | |
| 5 November: | Lofeendjies Gr. 3-7 in Gimsaal, 17:30 | |
| | Wiskundeweek | |
| | Boekuitstalling in Gimsaal | |
| 6 November: | Buitemuurs staak | |

# Tweekamp

Die volgende dogters het op 21 Oktober deelgeneem aan Tweekampliga 2 en soos volg presteer:

o. 9

| | |
|---|---|
| Leah Ranft | 1ste |
| Mailey Becker | 2de |
| Katelyn Kotze | 4de |

o.11

| | |
|---|---|
| Lily Erasmus | 1ste |
| Lara van Viegen | 7de |
| Aila Cilliers | 8ste |
| Olivia de Witt | 10de |
| Skye Futter | 15de |
| Mikali van der Schyff | 18de |
| Leah Venter | 20ste |
| Louisa Meyer | 21ste |
| Leané Teengs | 22ste |
| Limarie Jonker | 23ste |

o.13

| | |
|---|---|
| Lea Cilliers | 2de |
| Kaylyn Blair | 3de |
| Tené Venter | 6de |

o. 15

| | |
|---|---|
| Ella van Viegen | 2de |
| Carinke Wessels | 3de |
| Livia Gutter | 4de |
| Emma Spamer | 9de |
| Lu-Anne Labuschagne | 12de |
| Vida Olivier | 17de |

# Hokkie

Johané Bam het die Suid-Vrystaat o.12A-hokkiespan verteenwoordig in Pietermaritzburg tydens die IPT in die Julie-vakansie. Sy is tydens die toernooi aangewys as die speler wat die meeste doele aangeteken het.

# Sport

# Laser-Run

Baie geluk aan die volgende dogters wat ingesluit is in die Suid-Afrikaanse Laser-Runspan wat vanaf 7 tot 13 Desember aan die Wêreld Kampioenskap gaan deelneem. Die kampioenskap word hierdie jaar in Mosselbaai aangebied.

Miané Wessels
Almy Wessels
Lea Cilliers
Z'ney Piechaczek
Tené Venter
Kaylyn Blair

# Triathle

Baie geluk aan die volgende dogters wat ingesluit is in die Suid-Afrikaanse Triathle-span wat vanaf 7 tot 13 Desember aan die Wêreld Kampioenskap gaan deelneem. Die kampioenskap word hierdie jaar in Mosselbaai aangebied.

Lea Cilliers
Tené Venter
Kaylyn Blair

# Biathle

Baie geluk aan die volgende dogters wat ingesluit is in die Suid-Afrikaanse Biathle-span wat vanaf 7 tot 13 Desember aan die Wêreld Kampioenskap gaan deelneem. Die kampioenskap word hierdie jaar in Mosselbaai aangebied.

Naomi Malan
Lea Cilliers
Tené Venter
Kaylyn Blair
Almé Bornman

# Podiumpret

Karla van Rooyen het deelgeneem aan die Podium Pret Nasionaal Finaal en is die kategorie-wenner vir die motiveringstoepsraak en het 'n 3de plek behaal vir voorbereide lees en 'n 8ste plek vir haar "Prepared poem".

# Algemeen

# Prysuitdeling

Op Maandag, 20 Oktober, het die Grondslagfase en Intermediêre- en Seniorfase hul prysuitdeling gehou. Dankie aan elke personeellid en die musiek departement vir hierdie spesiale dag. Baie geluk aan elke Eendjie met haar uitstekende prestasies gedurende die jaar.  Oranje is TROTS op elke Eendjie!


















# Top 10 Akademie













Naval Hill
Planetarium
• Gr. 4 tot 7 - Dinsdag, 4 November 2025
• Betaalbaar op Karri. Betalings sluit op Maandag, 3 November om 09:00
• Dogters dra pampoenrokke
Kostes: R23 per kind

# Eksamenrooster: November 2025

**November 2025**

| Ma | Di | Wo | Do | Vr | Sa | So |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 10<br>*Eksamen*:<br>Gr. 7 EBW<br><br>Skool verdaag 12:00 elke dag van die eksamen. | 11<br>*Eksamen*:<br>Gr. 7 Teg | 12<br>*Eksamen*:<br>Gr. 4 --<br>Gr. 5 SW Gesk<br>Gr. 6 Eng.<br>Gr. 7 SW Gesk | 13<br>*Eksamen*:<br>Gr. 4-7 Afrikaans | 14<br>*Eksamen*:<br>Gr. 4-7 Wiskunde<br><br>Gr. 7's vs Onnies (11:00-12:00) | 15 | 16 |
| 17<br>*Eksamen*:<br>Gr. 4 SW Gesk<br>Gr. 5 NWT<br>Gr. 6 SW Gesk<br>Gr. 7 NW | 18<br>*Eksamen*:<br>Gr. 4 Engels<br>Gr. 5 Engels<br>Gr. 6 ---<br>Gr. 7 Engels | 19<br>*Eksamen*:<br>Gr. 4 NWT<br>Gr. 5 SW Aard<br>Gr. 6 NWT<br>Gr. 7 SW Aard | 20<br>*Eksamen*:<br>Gr. 4 SW Aard<br>Gr. 5 --<br>Gr. 6 SW Aard<br>Gr. 7 SK | 21<br>*Eksamen*:<br>Gr. 4 LV<br>Gr. 5 LV<br>Gr. 6 LV<br>Gr. 7 LO | 22 | 23 |



# Gedagte vir die week

Ons as Christene is soos 'n boom wat langs 'n waterstroom groei en die regte vrugte moet dra op die regte tyd. Ons impak kan so groot wees in die samelewing. 'n Groot koelteboom bied verligting teen die somerson. Dit bied skuiling teen reën. Maak nie saak waar jy jou bevind nie, jy kan iewers 'n boom wees wat koelte bied - sonder 'n groot aankondiging, sonder om luidrugtig te wees daaroor.

Daar is 'n bekende sê-ding: "Show, don't tell."
Dit is hoe ons as Christene behoort te leef. Ons moet met ons optrede, ons dade wys wie en wat ons is, eerder as om groot te praat. Ons moet God se liefde uitleef en dit op 'n praktiese manier vir mense wys.

Wys vir mense jy is 'n groen boom wat kalmte, rustigheid en koelte bied. Wees 'n plek van veiligheid en liefde, een van God se bome wat beskutting bied, maak nie saak waar jy jou bevind nie.

## Lief en leed

Ons dink aan Lia de Klerk wat herstel na haar operasie.

Ons dink ook aan Zephany Graaff wat in die hospitaal was.

Ons bid beide van hulle 'n spoedige herstel toe.

## Lief en leed

Ons dink aan Ava en Lara Goosen en hulle familie met die afsterwe van hulle oupa.

## Lief en leed

Ons dink aan Numeri Naudé en haar familie met die afsterwe van haar ouma.